

OOR ASWOENSDAG EN LYDENSTYD

Aswoensdag is tradisioneel die aanvang van Lydenstyd in die kerkjaar.

Lydenstyd strek vanaf Aswoensdag tot Stil Saterdag, die dag voor Opstandingsondag. Indien die Sondae in hierdie tyd uitgesluit word, is dit 'n tydperk van 40 dae, dieselfde aantal dae wat Jesus in die woestyn deurgebring het.

Sondae was nog altyd vieringsdae vir die kerk en daarom nie deel van die vastyd van Lydenstyd nie. Lydenstyd help ons om die ware betekenis van Jesus se opstanding te begryp omdat ons onself herinner aan sy lyding wat dit voorafgegaan het. Lydenstyd begin op Aswoensdag. Op hierdie dag is die gebruik dat ons spesifiek nadink oor ons sterflikheid en ons sonde.

Aswoensdag en Lydenstyd wat daarop volg is tradisioneel 'n tyd van geestelike vernuwing in die lewe van gelowiges en gemeentes. Die 40-dae tydperk voor Opstandingsondag is reeds in die jaar 313 n.C. as 'n amptelike viering op die Christelike kalender aangedui. Om dit reg te bereken, moet jy egter die ses Sondae voor Paasnaweek buite rekening laat, want 'n Sondag is nooit as 'n Lydensdag beskou nie, maar as 'n dag van hoop.

So kom 'n mens op die datum van Aswoensdag uit. Hierdie presiese datum verskil egter van jaar tot jaar as gevolg van 'n kerklike reëling om die datum van Paasfees vas te stel. Die kerklike reëling rondom die bepaling van die datum van Paasfees is soos volg: 21 Maart is die dag en nag ewe lank. Dis ook 'n datum redelik naby aan die Joodse maand Nisan (afhangend van die stand van die maan) waartydens die Pasga gewoonlik gevier is. Paasfees val vervolgens op die eerste Sondag wat volg op die eerste volmaan ná 21 Maart. Paasfees kan dus nooit vroeër as 22 Maart wees nie en nooit later as 25 April nie.

Iets oor Aswoensdag spesifiek: In die ou tradisie is die palmtakke wat tydens die vorige jaar se Palmsondag-erediens gebruik is, iewers gebêre. Net voor

Aswoensdag word hierdie takke verbrand. Op

Aswoensdag het gelowiges dan vroegoggend bymekaar gekom en met die duim 'n kruis-merk met die as op mekaar se voorkoppe gemaak.

En so begin die reis na Pase elke jaar.

